TWEEKAMP SA BIATHLON

**SOUTH AFRICAN BIATHLON ASSOCIATION**
**SUID-AFRIKAANSE TWEEKAMP VERENIGING**

20 VAN SCHALKWYK STREET, UNIVERSITAS, BLOEMFONTEIN, 9301 SOUTH AFRICA
TEL/FAX: +27 51 525 2180; e-mail: dsat-bfn@iafrica.com

## *2016 ANNUAL GENERAL MEETING*
## *ALGEMENE JAARVERGADERING 2016*

**AGENDA – 25/03/2016 @ 19:15 – in the Officials' Room of the Free State Athletics Stadium, Bloemfontein.**

| | |
|---|---|
| 1. Opening and welcoming / *Opening en verwelkoming* | A Markgraaff |
| 2. Attendance Register / *Presensie* | B Swart |
| 3. The scrutiny of the delegates' credentials / *Die bevestiging van die afgevaardigdes se geloofsbriewe* | B Swart |
| 4. Reading of the notice convening the AGM / *Lees van die kennisgewing wat die AJV belê* | B Swart |
| 5. Submission and adoption of the minutes of the previous AGM / *Voorlegging en bekragtiging van die notule van die vorige AJV* | A Markgraaff<br>B Swart |
| 6. Submission, discussion and adoption of the President's Annual Report / *Voorlegging, bespreking en aanvaarding van die President se Jaarverslag* | A Markgraaff |
| 7. Submission, approval and adoption of the Financial Statement / *Voorlegging, goedkeuring en aanvaarding van die Finansiële Verslag* | A Blignaut-de Waal |
| 8. Motions / *Mosies* | A Markgraaff |
| 9. Discussions / *Besprekings* | A Markgraaff |
| 10. Election of the office bearers of the Association and additional members of the Executive Committee for the ensuing year / *Verkiesing van die beamptes van die Vereniging en bykomstige gekose lede van die Uitvoerende Bestuur vir die daaropvolgende jaar* | A Markgraaff |
| 11. Election of Honorary Members / *Verkiesing van Erelede* | A Markgraaff |
| 12. Election of a Selection Committee of three (3) members / *Verkiesing van 'n Keurkomitee van drie (3) lede* | A Markgraaff |
| 13. Appointment of Honorary Auditors for the next financial term / *Aanstelling van Ere-ouditeure vir die volgende finansiële termyn* | A Markgraaff |
| 14. Date and Venue of the next annual championships as well as Interprovincial Meetings / *Datum en plek van die volgende jaarlikse kampioenskappe sowel as Interprovinsiale byeenkomste.* | A Markgraaff |
| 15. Conclusion / *Afsluiting* | A Markgraaff |

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE SA TWEEKAMP VERENIGING GEHOU OP VRYDAG 3 APRIL 2015 OM 19:30 IN 'DIE STAL' by die Jannie Marais Klubhuis op die Stellenbosch Universiteit Sportgronde, Stellenbosch.**

**1. OPENING EN VERWELKOMING:**

Die President, Mnr Archie Markgraaff (AM), verwelkom almal by die AJV van die SA Tweekampvereniging en verklaar de vergadering oop. Hy bedank almal wat teenwoordig is – dit is slegs Noord-Wes Provinsie en Noordwes Kaap wat nie verteenwoordigers het nie.

**2. PRESENSIE:**

Die presensielys word aangeheg.

**3. DIE BEVESTIGING VAN DIE AFGEVAARDIGDES SE GELOOFSBRIEWE:**

Alle provinsies het hulle geloofsbriewe vooraf na die sekretaris gestuur – bevestig deur Blackie Swart (BS). Dit word bevestig dat daar volgens die presensielys 35 stemgeregtigde lede is waarvan 3 proksiestemme is.

**4. LEES VAN DIE KENNISGEWING WAT DIE AJV BELê:**

Die sekretaris, BS, lees die amptelike kennisgewing om die AJV te belê.

**5. VOORLEGGING EN BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE AJV GEHOU OP VRYDAG, 4 APRIL 2014 OM 19:00 IN DIE RAADSAAL VAN DIE NOORDWES UNIVERSITEIT (PUK-KAMPUS) IN POTCHEFSTROOM:**

Die notule word as gelees beskou en word deur die vergadering bekragtig – voorgestel Almari Visser, gesekondeer Johan Ferreira.

**6. VOORLEGGING, BESPREKING EN AANVAARDING VAN DIE PRESIDENT SE JAARVERSLAG:**

Archie Markgraaff (AM) oorhandig die Voorsitterstoel aan Dave vd Walt (DvdW) en lewer sy jaarverslag, soos wat ingebind is in die dokumente wat uitgedeel is.

Bykomend tot die verslag, word die volfende aspekte bevestig:

- Alle provinsies word spesifiek versoek om die Jaarverslag sowel as die Finansiële Verslag na die provinsie se AJV aan die President, Sekretaris en Tesourier gestuur word.
- Provinsies moet hulle getalle van geregistreerde atlete aan die President en Tesourier stuur.
- Provinsies wat Interprovinsiale byeenkomste aanbied, moet die uitslae van die byeenkoms direk na die byeenkoms aan die UB stuur.
- Provinsies word aangemoedig om aan Interprovinsiale Byeenkomste deel te neem, veral die wat deur hulle buurprovinsies aangebied word.
- Wat Internasionale byeenkomste betref, sal daar gekyk word na Namibië, Botswana en Swaziland. Dit word na die UB se Bosberaad verwys.

DvdW vra vir bespreking van die Presidentsverslag. Tewie van der Westhuizen sê dankie vir die besoek van AM en DvdW tydens die 'Roadshow'. Dit het bygedra tot sy besluit om weer as Voorsitter terug te keer en dat hy weer volstoom aan die gang is.

Die verslag word aanvaar, voorgestel Tewie van der Westhuizen en gesekondeer Chris Jansen.

**7. VOORLEGGING, GOEDKEURING EN AANVAARDING VAN DIE FINANSIëLE VERSLAG:**

Die ouditverslag is weer kosteloos gedoen deur Questus soos verteenwoordig deur Hans Jonker. Hulle het hulle tevredenheid met die finansiële state uitgespreek.

Ananda Blignaut-de Waal (AB) verduidelik dat die Finansiële state die posisie weergee soos op 28 Februarie 2015 (jaareind). Meer as die helfte van die provinsies het egter toe nog nie betaal nie – die finansiële state lyk dus nie goed nie. Die stuk met kolomme begroting en werklike syfer reflekteer egter die korrekte posisie – i.p.v. R25 000 verlies is die verlies R63, waarin reeds van die reis- en verblyfkoste ingereken is.

Die moontlikheid om die finansiële jaar te verander word bespreek. Daar kan dan Bestuurstate, nie geouditeerde state, voorgelê word. Voorstel: Verander die finansiële jaar na 1 September tot 31 Augustus. Interim geouditeerde state sal voorgelê word vir 1 Maart 2015 tot 31 Augustus 2015. Daar word aan die provinsies aanbeveel om dieselfde te doen (en state dan in te stuur).

Die finansiële verslag word aanvaar: voorgestel: Almari Visser en gesekondeer: Marius Vorster.

**8. MOSIES:**

**Die volgende mosies word voorgestel:**

**8.1 Hersiening van die SA Tweekamp Konstitusie - UB**

Chris Jansen lê dit voor. Die veranderings is in kleur aangedui – rooi moet geskrap word en blou moet ingevoeg word. Daar word geen kommentaar op die voorgestelde veranderings gelewer nie en almal is tevrede. Chris Jansen sal kosmetiese veranderings aanbring en finaliseer.

Die nuwe grondwet met die wysigings word aanvaar – voorgestel: Chris Jansen en gesekondeer: Charel Blignaut. Algemeen aanvaar.

**8.2 Hersiening van die SA Tweekamp Tegniese Reëls - UB**

Die opgedateerde tegniese reëls is ingebind en word deur JvdV aan die AJV voorgelê. JvdV sal ook die Engelse weergawe opdateer. Daar is minder bladsye aangesien die formatering verander is en tabelle ingebring is. DvdW sal reël vir taalversorging. Die nuwe voorstelle wat vanaand goedgekeur word sal ook geïnkorporeer word. Die veranderings en voorstelle word algemeen aanvaar.

**8.3 Appèlraad - SWD**
SWD stel voor dat geeneen van die Appèlraad 'n aktiewe deelnemer aan die betrokke kompetisie mag wees nie. Dit is baie moeilik om altyd mense te kry om op die Appèlraad te dien. Dit is egter belangrik dat onafhanklikheid behou word. Dit word besluit dat die gasheer sal besluit op die Appèlraad en die mosie word nie aanvaar nie.

**8.4 Aantal atlete per provinsie na SAs en ander aspekte – SWD**
DvdW onttrek die mosie ten gunste van WP se mosie.

**8.5 Aantal atlete per provinsie na Interprovinsiale byeenkomste – SWD**
DvdW onttrek die mosie ten gunste van WP se mosie. Daar is reeds drie spanne met vier atlete elk per provinsie na die Interprovinsiale byeenkomste.

**8.6 Toekenning van SA nommers deur SA Tweekamp – SWD**
Dit sal 'n baie goeie stelsel wees om SA nommers beter te beheer, maar tans prakties baie moeilik. Die mosie word na die SA Bestuur terugverwys.

**8.7 Meesterstabelle – SVS**
AM lê die mosie voor. Dit sal met Herman Ohlhoff uitgeklaar word en saam met die ander kompetisievoorstelle en puntetabelle deur die UB bespreek word.

**8.8 Addisionele atlete inskryf by SAs – WP**
WP sê dat die 10 ekstra atlete oor die hele spektrum versprei is. OP ondersteun en sê dat dit as ekstra motivering sal dien. Die mosie word goedgekeur en algemeen aanvaar.

**8.9 Herberekening van punte – WP**
Johan Ferreira word versoek om om na die afgelope 10 jaar se wenners by SAs te kyk. Die bespreking sal wees soos in die mosie – statistieke moet gewys word. Ollie van Olm vra dat die benadering moet wees dat nie net na wenners gekyk word nie, aangesien sekere atlete omtrent altyd wen en dus die statistieke kan skeeftrek. Daar moet gekyk word na 'n 'benchmark' wat statisties en regverdig deurgetrek kan word. Charel Blignaut vra of die Junior Veterane se ouderdomsgrens nie van 27 na 29 verskuif moet word nie. Daar kan ook gekyk word na 'Grand Master' na Meester? Dit gaan nie altyd net oor wen en verloor nie, aangesien die interne ouderdomskompetisies dieselfde sal bly. Dit gaan eerder oor 'n beter vergelyking tussen die verskillende ouderdomsgroepe. Dit word bevestig dat goeie werk in die verband gedoen is. Nuwe tabelle kan in die nuwe seisoen geïmplimenteer word indien elektroniese stemming (volgens nuwe konstitusie) dit goedkeur. Die mosie word na die UB en Bosberaad verwys.

**8.10 Hardloopafstande verander van 2 000 m na 1 500 m – Griekwas**
Hierdie is alreeds in 2012 in Kimberley deur WP by die AJV bespreek en nie aanvaar nie. Griekwas motiveer dat Hoërskoolatlete 1500 m hardloop en daarvoor oefen – dit is dus die bekende afstand. Charel Blignaut sê dat dit Tweekamp is hierdie en nie atletiek nie en dat die uniekheid van Tweekamp behou moet word. Daar word oorgegaan tot stemming. Slegs drie persone is ten gunste van die mosie. Die mosie word nie goedgekeur nie.

**8.11 Samestelling van spanne vir Interprovinsiale Byeenkomste – OP**
OP vra dat daar ook 5 atlete per span na IP byeenkomste gekies kan word. Die vergadering bespreek dit en daar word genoem dat daar reeds voorsiening gemaak word vir addisionele spanne by IP byeenkomste. Die mosie word tot stemming gebring – 14 ten gunste van die mosie en 14 daarteen. Die President het dus die beslissende stem en besluit dat die status quo gehandhaaf word.

**8.12 Verbeterde Provinsiale strukture en deelname – OP**
Hierdie mosie stel ’n Grondwetwysiging voor en is dus te laat ingedien. Dit word na die SA Bestuur verwys vir bespreking by die volgende Bosberaad (Klousule 5 en 26). Daar moet ook ligabyeenkomste gehou en ondersteun word.

Tewie van der Westhuizen versoek dat daar deur lede gekyk word na taalgebruik aangesien die word ‘siek’ wat in die mosie voorkom nie by Tweekamp pas nie.

**8.13 Affiliasiegelde aan SA Tweekamp t.o.v. byeenkomste nie aangebied - OP**
Die vergadering bespreek die saak en dit word genoem dat die provinsies wat nie byeenkomste aanbied nie, klein is en reeds sukkel en nie verder gestraf moet word nie. Die mosie word nie goedgekeur nie.

**8.14 Ondersoek en Ontwikkeling van ’n elektroniese bestuurstelsel vir SA Tweekamp – OP**
Sentraal Gauteng sê dat die voorstel baie ambisieus is en moeilik sal wees om te administreer. Ons is ’n Tweekampfamilie en moet ook vertroue in mekaar hê. Daar moet leiding gegee word om dit reg te kry. Die integriteit van lede moet vertrou word. Verwys na die SA Bestuur vir verdere ondersoek.

**8.15 Finansies t.o.v. kapitalisering - UB**
Die volgende voorstel word deur AM voorgelê:

| | | |
|---|---|---|
| **Jaargeld per Provinsie** | Minimum betaling vir 100 of minder as 100 atlete – R500 p.j. vir Provinsiale registrasie en R1000 p.j. vir atlete se registrasie: | **R1 500** |
| **Registrasie per atleet** | Registrasie per atleet vir elke atleet meer as 100 atlete: | **R10** per atleet p.j. |
| **Kapitalisering** | Inskrywingsoorbetaling: **Interprovinsiale byeenkomste** deur gasheerprovinsie: | **R20** per atleet per byeenkoms |
| | Inskrywingsoorbetaling: **SA Kampioenskappe** deur gasheerprovinsie: | **R25** per atleet vir byeenkoms |
| **Gelde word oorbetaal soos volg:** | Eerste betaling aan die **einde van Oktober** van die nuwe seisoen: | Eerste **R1000** |
| | Tweede betaling aan die **einde van Januarie** van dieselfde seisoen: | Min. **R500** en die res vir meer as 100 atlete |
| | Interprovinsiale byeenkomste en SAs: | Binne 2 weke na byeenkoms |

Die mosie word ondersteun en sal so vir die nuwe seisoen gebruik word.

**8.16 Mosies**
Daar moet na die stelsel van mosies gekyk word. Mosies sal ook aangevra word voor die Bosberaad sodat dit volledig bespreek en ondersoek kan word en provinsies die geleentheid kan kry om dit intern te bespreek voor bespreking by die AJV.

## 9 BESPREKINGS

**9.1 Ontwikkelingsverslag**
Dave vd Walt verwys na die Ontwikkelingsverslag soos wat ingebind is in die vergaderingstukke.

## 10. VERKIESING VAN DIE BEAMPTES VAN DIE VERENIGING EN BYKOMSTIG GEKOSE LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR:

Daar is twee nominasie ontvang vir die pos van President, maar Dave van der Walt versoek om sy nominasie te onttrek. Archie Markgraaff is dus onbestrede verkies as President en Dave van der Walt as Vise-President. Marius Vorster versoek dat sy nominasie as Addisionele Lid onttrek moet word. Daar word gestem vir die addisionele Lede en Keurkomitee. Die Uitvoerende Bestuur van die SA Tweekampvereniging verkies vir die volgende seisoen is soos volg:

| | |
|---|---|
| President: | Archie Markgraaff |
| Vise-President: | Dave van der Walt |
| Sekretaris: | Blackie Swart |
| Tesourier: | Ananda Blignaut-de Waal |
| Addisionele lede: | Len Symington |
| | Johan van de Venter |
| | Gerhard Louwrens |

## 11. VERKIESING VAN ERELEDE:

Ere-President: Chris Jansen
Let daarop dat die Ere-President ‘n lewenslange posisie is en dus nie jaarliks verkies word nie. Die Ere-Sekretaris moet ook verander word na ‘n Ere-Vise-President.

## 12. VERKIESING VAN ‘N KEURKOMITEE VAN 3 LEDE:

Na die stemming word die volgende Keurkomitee bevestig:

| | |
|---|---|
| Keurkomitee: | Len Symington |
| | Dave van der Walt |
| | Deon Velthuysen |

## 13. AANSTELLING VAN ERE-OUDITEURE VIR DIE VOLGENDE FINANSIëLE TERMYN:

Questus Ingelyf, soos verteenwoordig deur Hans Jonker, word voorgestel as ouditeure. Voorgestel: Wynand Viljoen, gesekondeer DvdW. Algemeen aanvaar.

**14. AANSOEKE ONTVANG: DATUM EN PLEK VAN DIE VOLGENDE JAARLIKSE KAMPIOENSKAPPE SOWEL AS INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE:**

Die SA Kampioenskappe word in 2016 deur die Suid-Vrystaat in Bloemfontein aangebied.

Die SA Kampioenskappe in 2017 sal deur die Boland aangebied word

Die res van die seisoen se bepalings is soos volg: (sien onder aangeheg)

15. **AFSLUITING:**
Die President bedank Marius Vorster, Gerhard Louwrens en die WP SA reëlingskomitee vir die reëlings ten opsigte van die 2015 SA Kampioenskappe en wens almal ‘n voorspoedige kompetisie toe.

Die vergadering verdaag.

| | |
|---|---|
| ………………………………………………. | ……………………………………… |
| **PRESIDENT** | **SEKRETARIS** |
| ………………………………………………. | ……………………………………… |
| **DATUM** | **DATUM** |

**BIATHLON Annual Programme for 2015, 2016, 2017:**
**Inter Provincial Meetings and SA Championships** (as on 01.03.2015)

| DATE of EVENT | CODE | VENUE | HOST PROVINCE | CONTACT |
|---|---|---|---|---|
| 4 October 2015 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | A Markgraaff |
| 24 October 2015 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | A van Olm |
| 24 October 2015 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | J vd Venter |
| 7 November 2015 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | T vd Westhuizen |
| 14 November 2015 | Biathlon | Kimberley | Griekwas | R von Waltzleben |
| 9 January 2016 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | Jan Engelbrecht |
| 6 February 2016 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (Bol org) | L Symington |
| 21 February 2016 | Biathlon | WITS Education Campus | Central Gauteng | W Viljoen |
| **25 & 26 March 2016** | **Biathlon** | SFS - Bloemfontein | **SA Championships** | A Markgraaff |
| 1 October 2016 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | A Markgraaff |
| 22? October 2016 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | A van Olm |
| 22? October 2016 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | J vd Venter |
| 5? November 2016 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | T vd Westhuizen |
| 12 November 2016 | Biathlon | Kimberley | NW-Kaap / Griekwas | B Nieuwoudt / R v W |
| ? January 2017 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | Jan Engelbrecht |
| 4 February 2017 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (SWD org) | D vd Walt |
| ? February 2017 | Biathlon | WITS Education Campus | Central Gauteng | W Viljoen |
| **? 2017** | **Biathlon** | Boland | **SA Championships** | L Symington |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

**( ? = date not confirmed – The host province must please confirm the final date)**